



INDIENING VAN EISE BY DIE PADONGELUKKE- FONDS

WAAROM 'n PROKUREUR GEBRUIK?

ALLES WAT JY MOET WEE



JOU PROKUREUR – JOU VERTROUDE RAADGEWER

Die Padongelukkefonds (POF) is 'n versekeringskema wat deur die regering bedryf word ingevolge die Padongelukswet 56 van 1996 (soos gewysig). Dit is 'n staatsorgaan wat geskep is om vergoeding te betaal aan padongelukslagoffers wat beseer is of aan die afhanklikes van diegene wat gesterf het as gevolg van die nalatigheid van die motorvoertuigbestuurder of -eienaar op enige plek binne Suid-Afrika.

Wie mag eis?

- Jy mag slegs eis indien die ongeluk nie geheel en al jou skuld was nie. 'n Afhanklike van 'n broodwinner mag eis as die ongeluk nie geheel en al die broodwinner se skuld was nie.
- Jy mag 'n eis indien as jy 'n passasier in 'n motor, huurmotor, bus, trok of bakkie of op 'n motorfiets was en beserings opgedoen het in 'n ongeluk.
- Jy mag nie eis indien jy geen beserings in die ongeluk opgedoen het nie.
- Jy mag moontlik nie kan eis nie indien die beserings wat jy opgedoen het nie 'ernstig' was nie.
- Indien die oorledene geen afhanklikes gehad het nie, mag daar geen eis voortspruit uit sy/haar dood nie.

Het jy 'n prokureur nodig?

Jy mag direk by die POF eis, maar

- dit is 'n ingewikkelde en tegniese proses om by die POF te eis;
- mediese verslae (RAF 1 en RAF 4) moet deur dokters voltooi word, waarvoor betaal moet word;
- dokumente moet verkry word vanaf die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS), waarvoor betaal moet word;
- 'n beëdigde verklaring wat verduidelik hoe die ongeluk plaasgevind het moet voorberei word en saam met jou eis ingedien word;
- mediese rekords moet by hospitale en dokters verkry word, waarvoor betaal moet word;
- jy moet jou eis kwantifiseer, dit wil sê, op jou eisvorm meld wat jy eis ten opsigte van verskeie tipes skade, soos pyn en lyding, verlies van lewensgenietinge, verminking, skending en skok (algemene skade), verlies van inkomste, verlies

van verdienvermoë, toekomstige mediese koste en vorige uitgawes (spesiale skade);

- waar jy algemene skadevergoeding eis vir pyn en lyding, verlies van lewensgenietinge, verminking, skending en skok, moet jy 'n 'ernstige besering'-verslag (RAF 4) van 'n toepaslik gekwalifiseerde mediese deskundige wat jou besering geëvalueer het as 'ernstig' ingevolge die Wet en Regulasies, indien.

'n Prokureur wat spesialiseer in persoonlike beseringseise het die nodige kennis en ondervinding om jou te help om te verseker dat jou eis behoorlik bereken en by die POF ingedien word volgens die Wet en Regulasies. Daar is tydsbepelings wat geld, en indien daar nie aan voldoen word nie, sal jou eis onafwingbaar wees (jou eis sal verjaar).

Baie prokureurs wat in sodanige sake spesialiseer sal ook die nodige koste aangaan en dra tot en met afhandeling van die eis.

Indien jou prokureur nie jou eis behoorlik hanteer nie, toelaat dat jou eis verjaar of te min eis, mag jy 'n klagte by die betrokke provinsiale prokureursorde indien en/of jou prokureur dagvaar. Indien jy self jou eis ingedien het en 'n fout gemaak het en/of toegelaat het dat die eis verval, sal die POF jou nie betaal nie en jy sal geen vergoeding ontvang nie.

'n Prokureur wat in persoonlike beseringsake spesialiseer, sal die nodige kennis en ervaring hê om te adviseer of die bedrag wat die POF aanbied ter skikking wel billik en redelik is, gegewe die omstandighede van jou spesifieke geval.

Hoeveel sal dit kos?

Die meeste prokureurs wat in persoonlike beseringseise spesialiseer sal bereid wees om jou saak te aanvaar

- óf op 'n gebeurlikheidsbasis (geen fooi indien onsuksesvol);
- óf ingevolge 'n fooie-ooreenkoms waar die prokureur 'n normale fooi vra volgens 'n ooreengekome tarief. Die prokureur mag bereid wees om te wag tot aan die einde van die saak vir betaling van al die koste, insluitend uitgawes.

Baie prokureurs wat in persoonlike beseringsake spesialiseer sal ook onderneem om al die nodige uitgawes aan te gaan en/of daarvoor te betaal ten einde jou eis voor te berei, met inbegrip van die verkryging van mediese rekords en geregtelike-geneeskundige verslae, met die veronderstelling dat sodanige



INDIENING VAN EISE BY DIE PADONGELUKKEFONDS ALLES WAT JY MOET WEE

koste gedek sal word uit die opbrengs van jou eis. Sommige van hierdie kostes sal verhaal word van die POF as deel van die party-en-partykoste waarvoor hulle aanspreeklik mag wees.

'n Prokureur wat ingevolge 'n fooie-ooreenkoms (nie op gebeurlikheidsbasis nie) optree, mag fooie hef ingevolge die ooreenkoms vir alle werk wat gedoen word en alle uitgawes aangegaan.

Sommige prokureurs mag aandring dat jy van die koste betaal soos die saak vorder.

Indien die prokureur op 'n gebeurlikheidsbasis optree (geen fooi indien die eis onsuksesvol is)

- moet die ooreenkoms deur jou sowel as die prokureur onderteken word (jy moet 'n afskrif ontvang tydens ondertekening);
- is die prokureur daarop geregtig om 'n suksesfooi te vra adisioneel tot die normale fooi. Die bedrag van die suksesfooi word bepaal ingevolge die Wet op Gebeurlikheidsgeelde en mag nie 25% van jou kapitaal oorskry of 100% meer as die normale fooi beloop nie, wat ook al die kleinste bedrag is;
- jy sal ook moet betaal vir ander uitgawes (soos mediese- en ander deskundiges se fooie, mediese rekords, polisiedokumente, hofgelde, ens.). Sommige hiervan sal verhaal word van die POF as deel van die party-en-partykoste.

Indien jy nie die fooie of gebeurlikheidsfooie-ooreenkoms verstaan nie, moet jy jou prokureur vra om dit behoorlik aan jou te verduidelik.

Mag jy direk van die POF eis?

Ja, jy mag. Die POF het 'n aktiewe uitreikprogram en het inligtingsbeamptes beskikbaar by takkantore. Die POF het ook verteenwoordigers by alle groot staatshospitale.

Terwyl jy in die hospitaal is, mag jy deur 'n POF-agent genader word wat aanbied om jou te help om jou eis direkte in te dien.

Jy hoef nie in te stem om direk by die POF te eis nie ('n direkte eis) of om die prokureur wat deur iemand wat jou in die hospitaal of elders genader het aan te stel nie. Jy het die reg om jou eie prokureur aan te stel.

Maak by die betrokke provinsiale prokureursorde seker dat 'n prokureur geregistreer is en in goeie stand by die prokureursorde is.

Hoewel die POF jou sal bystaan deur te verduidelik hoe om 'n eis in te dien en om 'n eisvorm in te vul, sal jy al die ondersteunende dokumente self moet bekom en daarvoor betaal, insluitend mediese verslae en -rekords.

Die POF is die liggaam teen wie jy eis en dit is hul taak om ondersoek in te stel en alle eise waarvoor hulle na hulle mening nie aanspreeklik is nie, af te keur.

Daar mag 'n meningsverskil tussen jou en die POF bestaan of jy geregtig is op vergoeding (die meriete van die saak), en indien wel, wat die waarde van jou eis is. Die POF moet ook tevrede wees dat jou besering 'ernstig' is voordat jy geregtig is op vergoeding vir pyn en lyding. Die POF mag jou eis afkeur óf op die meriete van die saak óf omdat dit nie 'ernstig' is nie. Hulle mag ook besluit dat die ongeluk deels jou skuld was en jou slegs 'n persentasie van jou verlies aanbied.

Sonder die advies van 'n onafhanklike prokureur sal jy nie weet of die skikking wat die POF aanbied wel billik is nie en/of die eis behoorlik afgekeur is nie. Teen die tyd dat jy onafhanklike advies inwin, mag dit te laat wees.

Hoeveel tyd het jy om te eis?

Eise moet binne drie jaar vanaf die datum van die ongeluk ingedien word in gevalle waar die skuldige bestuurder en/of voertuigeienaar geïdentifiseer is. Indien dit nie moontlik is om sodanige voertuigbestuurder of -eienaar te identifiseer nie, moet die eis binne twee jaar ingedien word.

Nadat die eis ingedien is, geld daar 'n wagtydperk van 120 dae.

'n Dagvaarding moet dan binne vyf jaar na die datum van die ongeluk uitgereik word. As 'n eis laat ingedien is of die dagvaarding nie betyds beteken word nie, sal die eis verjaar.

Wat kan jy vir jou prokureur vra?

- Hoeveel die prokureur sal eis.
- Na sy/haar mening, hoe lank dit sal neem om jou eis af te handel.
- Enige vrae in verband met fooie en ander kostes.
- Vra uit oor vorderingsverslae sodat jy kan sien hoe daar met jou eis gehandel word.
- Vra vir 'n volledige rekening aan die einde van die saak.

Wat jy ná 'n ongeluk moet doen?

Kry die volle name, adres (werk en huis) en kontaknommers (selfoon en landlyn) van alle voertuigbestuurders, passasiers en getuies, asook voertuigregistrasienuommers.

Kry besonderhede van die polisie- of verkeerspolisiebeamptes op die toneel sodat jy weet watter polisieestasie die ongeluk sal ondersoek.

Kry die ambulans-besonderhede, indien moontlik.

Gee besonderhede van die wegsleep-maatskappy sodat jou voertuig nagespoor kan word om 'n foto te neem voordat dit herstel word.

Indien jy erg beseer is en nie enige van hierdie inligting kan bekom nie, probeer om 'n familielid of vriend te vra om soveel inligting as moontlik by die SAPS-kantoor wat die ongeluk ondersoek te bekom en, indien moontlik, ook 'n afskrif van die ongeluksverslag.

Hoe vroeër 'n professionele persoon die omstandighede rondom die ongeluk ondersoek, hoe beter vir jou, veral waar daar 'n dispuut mag ontstaan oor hoe die ongeluk gebeur het.

Meld die ongeluk binne 48 uur by die SAPS aan. Alle ongelukke wat persoonlike beserings of die dood tot gevolg het moet so gou moontlik deur die bestuurder van die betrokke motorvoertuig by die polisie aangemeld word.

As jy ernstig beseer is en nie daartoe in staat is nie, vra 'n familielid of vriend om uit te vind of die ongeluk wel deur iemand anders aangemeld is en aan te vra dat die SAPS die saak verder ondersoek.

Indien jy reeds 'n prokureur aangestel het, kan hy/sy jou hiermee help.

Meld die ongeluk by die POF aan indien iemand anders sowel as jy beseer is en waar jy die motorvoertuig wat in die ongeluk betrokke was bestuur het. Jou prokureur kan jou hiermee help.

Indien die saak nie deur die SAPS ondersoek word nie, probeer om so gou moontlik verklarings by al die getuies te kry.

Dit is nie verpligtend om foto's van die toneel en voertuie te neem nie, maar dit sal baie nuttig wees, veral indien die meriete van die ongeluk bevraagteken word.

Wanneer jy foto's van die ongelukstoneel neem, probeer om foto's van enige wrakstukke of glymerke op die pad of ander aanduidings van waar die ongeluk plaasgevind het, te neem.

Dit sal ook help as jy foto's van jou beserings neem sodat jy later jou skade kan bewys.

Maak seker dat die dokter wat jou behandel rekord hou van die besoek en 'n gedetailleerde verslag gee, met inbegrip van die behandeling – veral waar jy nie deur jou normale dokter behandel word nie.

'n Sketsplan van die toneel waarop bepaalde punte aangedui word sal ook nuttig wees.



LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 366 8800
Faks: (+27) 12 362 0969
www.LSSA.org.za

Posbus 36626
Menlopark 0102
Docex 82, Pretoria
Brooksstraat 304
Menlopark, Pretoria 0081

Hierdie brosjure is slegs vir inligtingsdoeleindes bedoel en moet nie as regsadvies beskou word nie.

© Law Society of South Africa 2014. Picture source: Thinkstock